**OMGEWINGSIMPAKSTUDIEPROSES**

**VOORGESTELDE OPRIGTING VAN 'N 765 kV UITBREIDING VAN DIE HYDRA SUBSTASIE EN DIE VOORGESTELDE OPRIGTING VAN 'N 765kV TRANSMISSIE KRAGLYN TUSSEN DIE VOORGESTELDE UITGEBREIDE HYDRA SUBSTASIE EN GAMMA SUBSTASIE, NOORD-KAAPPROVINSIE**
**(Verwysingsnommer: 12/12/20/871)**

Kennis word hiermee gegee, ingevolge die Omgewingsimpakstudieregulasies, gepubliseer in Staatskennisgewing R385 van 21 April 2006, dat Eskom Holdings Limited 'n aansoek aan die Nasionale Department van Omgewingsake en Toerisme (DEAT), ingedien het vir die volgende aktiwiteit:

**Onderneming van 'n Omgewingsimpakstudie vir die voorgestelde uitbreiding van die 765 kV Hydra Substasie en die voorgestelde oprigting van die 765 kV Transmissie kraglyn, ongeveer 130 km in lengte, tussen die uitgebreide Hydra Substasie en Gamma Substasie, Noord-Kaapprovinsie**

In Desember 2005 het Eskom Holdings Limited (Eskom) 'n Rekord van Besluitneming ontvang vir die oprigting van 'n 765 kV Transmissie kraglyn tussen die bestaande Hydra Substasie en die voorgestelde nuwe Gamma Substasie. Sedertdien is daar volgehoue groei in die vraag na elektrisiteit in die Wes- en Oos-Kaapprovinsies ondervind. Deur gebruik te maak van die bestaande beplanningsprosesse, het Eskom bepaal dat daar 'n behoefte vir 'n nuwe 765 kV Transmissie kraglyn van Hydra- na Gamma-substasie bestaan, met 'n uitbreiding van Hydra Substasie. Die Omgewingsimpakstudie (OIS) sal die uitbreiding van die 765kV Hydra Substasie aanspreek, asook die voorgestelde oprigting van die 765kV Transmissiekraglyn tussen die uitgebreide Hydra Substasie en Gamma Substasie, wat parallel aan die goedgekeurde 765kV Transmissie kraglyn tussen Hydra en Gamma, soos bo genoem, sal loop. Die nuut-voorgestelde 765 kV Transmissie kraglyn is geïdentifiseer ten einde die voorsiene groei in die vraag na elektrisitieit in die Wes- en Oos-Kaapprovinsies aan te spreek.

Die voorgestelde projek sluit in:

- **die uitbreiding van die bestaande 765 kV Hydra Substasie, geleë op eiendom wat aan Eskom behoort; en**
- **die oprigting van 'n addisionele 765 kV Transmissie kraglyn tussen die uitgebreide Hydra Substasie na Gamma Substasie, Noord-Kaapprovinsie**

**KENNISGEWING VAN OIS EN OPENBARE DEELNAME PROSES**

Bohlweki Environmental, as 'n onafhanklike omgewingskonsultant, is aangestel om die vereiste omgewingsimpakstudie en openbare deelname proses vir die voorgestelde projek te onderneem. Om as 'n belanghebbende en/of geaffekteerde Party (B&GP) te registreer, versoek ons u om u naam, kontakinligting en belang by die projek aan die volgende persone te verskaf:

**Me Nicolene Venter** of **Me Prashika Reddy**
by Bohlweki Environmental
Posbus 11784
Vorna Valley, 1686

Tel:   (011) 466-3841
Faks: (011) 466-3849
E-pos: hydra-gamma2@bohlweki.co.za